

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:15-29

Teks: **1 Johannes 2:18**

Sing- Ps. 89:6,13; Ps. 119:42; Ps. 107:20, Sb.45 (18-7):1,11

### **1 Johannes 2:15-29**

**1Jn 2:15** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

**1Jn 2:16** Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

**1Jn 2:17** En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

**1Jn 2:18** Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

**1Jn 2:19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

**1Jn 2:20** En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

**1Jn 2:21** Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

**1Jn 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

**1Jn 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

**1Jn 2:24** Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

**1Jn 2:25** En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, naamlik die ewige lewe.

**1Jn 2:26** Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1Jn 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

**1Jn 2:28** En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

**1Jn 2:29** As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:15-29

Teks: **1 Johannes 2:18**

Sing- Ps. 89:6,13; Ps. 119:42; Ps. 107:20, Sb.45 (18-7):1,11

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede kwartaal was ons 'n groot deel met hierdie brief van die gryse apostel besig gewees. Ons het by elke geleentheid ons rondom die sentrale vers van hierdie brief moes skaar- 1 Joh. 5:19- *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê...* Hoogtepunte wat ons met ons mag saamneem is om te mag weet wat dit beteken om wedergebore te wees. Dit is om uit God te mag wees- dit is wat die sentrale vers bedoel- *ons wat weet dat ons uit God is...*

Direk hiermee saam het die gryse apostel ons daarop gewys dat *ons blydschap volkome mag wees...* Al gaan dit sleg, daar is geen rede dat 'n gelowige nie bly kan wees nie. Die bron van jou blydschap kan net *Één* wees, ons Here Jesus Christus. Dan besef ons hierdie eerste deel

Pretoria- 19 April 2015

van 1 Johannes het ons in die volle lig van God se heerlikheid ingebring. *God is lig en geen duisternis is in Hom nie...* In die lig van God het ons besef hoe heilig God is. Daar is geen duisternis in Hom nie.

\*\*\*

In die teenwoordigheid van hierdie heilige God kom dan die geweldige moment in die brief wat ons reguit die vraag vra: waar is jy, waar staan jy in jou verhouding met God. Is jy werklik deel van God se huisgesin? Jy wat sê dat ek in God se wêreld wil inkom, ek wil in gemeenskap met God lewe, ek wil deel in God se koninkryk, want God se wêreld is God se koninkryk, die kerk het net één taak op aarde en dit is om die koninkryk sigbaar te maak.

Die vraag wat ons op ons knieë moet dwing, wat my in elke opsig in God se heilige teenwoordigheid blootlê is of ek *in die lig van God wandel, soos Hy in die lig is* (1 Joh. 1:8). En dan moet u onthou ons was gedwing om pynlik na onself te kyk. Die einde van hfst. 1 het gewys op sonde wat daar is- *as ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.* Dan kom hfst. 2 waarby ons steeds besig is en ons het die gryse apostel met ons hoor praat soos 'n vader sy kinders in liefde nader roep, in liefde is ons daarop gewys dat ons moet nie aanhou en aanhou met dinge wat ons weet verkeerd is nie. Iemand wat teen 'n muur gaan staan en hy stamp aanmekaar sy kop teen die muur, hy hou net nie op nie, die bloed loop hom naderhand af, wat dink ons van so 'n mens. Ons sal sê hy het 'n probleem. Wat gaan met hom aan?

As dit by die geestelike lewe kom, dié lewe uit God, die wedergebore lewe, die groter voller lewe wat daar by ons is, dan is dit baie keer asof ons maar is soos die man teen die muur. Ons hou aan en aan, ons wil eenvoudig nie verstaan dat om so aanmekaar my kop te stamp is deel van 'n probleem, dit is beslis nie deel van 'n oplossing nie. Daarom dat u hierdie herhaalde vraag moes hoor, is ek deel van 'n oplossing in hierdie gemeente, of bly ek deel van wat werklik 'n probleem is... nie net dit wat 'n probleem in my eie lewe geword het nie, maar ek maak dit 'n probleem wat in die gemeente net aanhou en aanhou. In baie opsigte word die probleem dan iets wat net groter en groter word... Om deel van 'n probleem te wees is werklik nie iemand wat by die sentrale oproep sal uitkom dat *ons blydschap volkome mag wees nie...*

\*\*\*

En toe het ons daardie twee laaste Sondae van die vorige kwartaal, by die pragtige en absoluut oorweldigende keerpunt gekom dat God wat sy lig laat skyn, Hy is heilig, daar is

Pretoria- 19 April 2015

geen duisternis in Hom nie, ek moet voor Hom heilig lewe, elkeen moet soos in 'n huisgesin, want dit is die ware Kerk, God se huisgesin, elkeen moes daardeur aangegryp gewees het, dat God sy heiligheid na ons laat oorkom in God se liefde. Die liefde in God se huisgesin kan alleen geken en waardeer word as ek genoegsaamheid by God se heiligheid uitgekome het.

Moet nie dink ons kan van liefde praat, ons verstaan liefde, maar ek is nie bereid om vooraf baie ernstig myself eers in die lig van God se heiligheid te stel nie. Alleen die Een wat in die heiligheid, binne die geregtigheid van God ingekom het, alleen vanuit die binnekring van reg, God se reg, mag die mens durf sê GOD IS LIEFDE... Dit is nie vir die wêreld, die wêreld wat in die bese lê om soiets te sê nie. God is nie liefde vir dit wat mense baie keer as liefde beskou, wil maak asof hierdie liefde as iets alledaags, byna as 'n "towermiddel", op die wêreldmark kan bestaan en ek net eenvoudig by hierdie wêreldliefde moet inskakel en dan boonop te wil sê dit is God se liefde hierdie!

God se liefde is aan God se heerlikheid, aan God se heiligheid, aan God se reg gebonde. Ek hoor dit al hoe meer dat mense sê ons moet mekaar net aanvaar soos ons is, ons moet die goeie in elke een raaksien, ons moet mekaar net meer kan liefhê, ons moet mekaar net meer van liefde leer, alles sal deur liefde regkom, geliefdes, hoe goed en mooi, selfs hoe liefdevol dit ook bedoel mag word, dit is hierdie soort van uitsprake en gesindheid wat die wêreld al sieker en sieker maak. Ek kan mos nie iemand wat nie uit God is nie, wil liefhê soos ek my broeder en suster wat ek weet in God se wêreld wedergebore is, op dieselfde manier wil liefhê nie?!

\*\*\*

Daarom moet ons die geweldige groot stap wat Johannes maak ook in ons eie lewe kan toepas om te weet die liefde hoe die wêreld dit verkondig, het werklik met die liefde wat Johannes in die fynste besonderhede hanteer, baie groot verskille. Johannes 2 in wat ons vandag gelees het en wat natuurlik weer met die sentrale vers saamhang om te mag weet dat ons wat uit God is... moet 'n wêreld kan raaksien wat in die mag van die Bese lê.

Daardie wêreld noem Johannes alles behalwe 'n liefdevolle wêreld waarin ek net met liefde die wêreld sal omkeer. Die wêreld van die bese, die wêreld wat in die mag van die Bese lê, is die antichriste wat ons sekerlik 'n groot deel van die kwartaal by sal moet stilstaan.

\*\*\*

Pretoria- 19 April 2015

Weer praat die liefdevolle gryse apostel met sy vaderlike stem en hy sê vir ons kinders...  
*Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.*

Ons besef dat wat met liefde tot nou vir ons gesê is, selfs in die grootste woorde om te sê GOD IS LIEFDE, ek en jy moet weet daar is 'n wêreld waarbinne daar geen liefde is nie, wat jy met jou menslike poginkies van liefde ook nie gaan regkry nie.

God sê dat daar baie is wat anti sy liefde is, wat alles behalwe in Christus liefde kan volmaak. Hulle is anti-Christus, alles behalwe in liefde by Christus, dit is iets groter as haat, as bloot daar is nie liefde nie. Hulle is die antichriste wat die gryse apostel vir ons sê – hulle is baie. Ons moet hulle kan raaksien.

\*\*\*

Nou moet ons die volle impak nie mis nie. Selfs die voller lig van die Skrif moet ons hierop laat kom want het Jesus toe Hy nog op aarde sy profetiese rede uitgespreek het, daarop gewys dat daar struikelblokke gaan kom, ja wat is die antichriste anders as struikelblokke... Jesus sê in Matt. 18:7- *Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom...* Ons as kerk, hierdie gemeente in hierdie tyd in hierdie plek, hier waar ons die middestad in al groter boosheid rondom ons beleef, dinge wat ons wil opbou word al meer afgebreek, ons moet Jesus dit vir ons hoor sê – daar gaan afval kom, daar gaan verleiding wees, misleiding, ons besef dit het implikasies.

Ons weet nie wanneer die werklike einde gaan plaasvind nie, ons moet ook nie oploop raak soos Paulus die gemeente in Thessalonika moes waarsku dat hulle alles opgee, hulle hou selfs op met werk, want het daardie gemeente gedink die wederkoms is ophande, ons moet dit maar net met rustige gevoude handjies inwag... alles behalwe is dit dié tyd want het die Here vir daardie gemeente gesê wat vir ons nie anders geld nie... 2 Thes 2:3- *3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf* *4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.*

Geliefdes, ons moet maar net doen wat ons hand vind om te doen, die bose mag is daar, die wêreld lê daarbinne, dit wat ons in die volgende weke al meer sal hoor is dat selfs die kerk is

op geen manier gevrywaar nie. Die kerk gaan in baie opsigte deur die bese opgesuig word. Die skokkende om te hoor dat dit sal gebeur dat die mens van afval en verderf en sonde... die teëstander, wat God haat, wat teen God is, hom bo God verhef, waar gaan hy heen... na die tempel van God, in die tempel van God het ons gelees- *in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.*

Die kerk moet besef ons staar dinge in die gesig wat wonderlik is, dinge waaroor ons bly kan wees, laat julle blydschap volkome wees, Johannes hou nie op om dit te sê nie, maar onthou u en ek het ook te doen met 'n ander werklikheid. Die kerk wat al meer verwoes gaan word, al kleiner gaan word, al hoe meer die woestyn moet in. Die groot lyne in God se Woord wys vir die ware Kerk daar is 'n valse kerk. Hierdie valse kerk word selfs kragtens 'n baie slegte vrou, 'n prostituut beskryf, kerk gelyk aan prostituut, kan jy jou dit indink maar dit is hoe dit gaan lyk. Luister maar ook mooi na 2 Thes 2:11 ev. **11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, 12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.**

Die grys apostel praat van... *dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.* Elke uur kan my laaste uur wees. Moet nie dink ek kan die wederkoms voorspel en omdat daar nou gesê word, dit is die laaste uur, nou sommer sê die wederkoms is baie naby. Nee kyk na jou eie lewe, waar jou en my laaste uur enige oomblik kan wees. Ek sal nie meer 100 jaar op die aarde wees nie, daaroor kan ons seker wees, hier kan wel nog vir baie honderde jare 'n aarde wees....of ook nie wees nie, maar of ons daar gaan wees of nie, dit maak nou se ure vir jou en my die laaste ure. Met hierdie woorde die laaste uur moet ons ook besef, Christus het klaar gekom, Pinkster het reeds plaasgevind, alles dinge wat klaar is, daar is niks op die hemelse agenda wat eintlik tussen ons en die wederkoms en die laaste oordeel staan nie. Dat ons wel reeds die pylvak inbeweeg het, hoe lank die pylvak ook mag wees, is gewis en seker. Dit is net die voleinding en die volle verheerliking van God wat die laaste dinge sal wees om alles wat God doen te volbring. In die sin is dit vir ons die laaste uur. Ons is wel deel van hulle wat Paulus van geskrywe het- 1 Kor. 10:11- *ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*

Ons oë gaan dan al groter oop vir die bese waarbinne die wêreld is. Johannes skryf in hierdie brief dinge wat hy in Openbaring nog op baie duideliker en breedvoeriger maniere moes

beskryf. Ons besef voor ons oor 'n finale Antichris kan praat is daar wel baie antichriste. Hierdie meervoud van anti-Christus wees is iets wat nog op geen stadium nie aan die gang was nie. Ons is ook weer by wat Paulus in 2 Thes 2:7 sê- *7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is...* Die verborgenheid van die ongeregtigheid is aan die werk... wat is dit anders as om te sê- hier is baie antichriste aan die werk. Satan is los maar tog gebind. So verstaan ons ook Op 20 in die verband – hy het baie antichristelike maniere en mense en kragte wat aan die werk is, maar is daar altyd nog 'n binding, hy word nog teëgehou soos Paulus vir die Thessalonicense skrywe en soos Openbaring 20 hom aan 'n ketting gebind sien, in diepe afgrond, daar is selfs 'n sleuteldraer in Openbaring ter sprake...wat tog beteken die duiwel sal hom nie self van die ketting kan losruk nie. Hy sal los gesluit moet word.

Hier kom nou klomp dinge ter sprake wat ons in die volgende tye, as dit die Here se wil is, moet nader bring, maar broeder en suster, dit waarmee ons vanoggend hier besig is, die verkondiging van die Woord, hierdie Woord vanaf hierdie kansel, is 'n ketting vir Satan, is iets wat Satan teëhou, hierdie saamkom in hierdie kerk is vir Satan soos 'n padblokkade, daarom dat ons kerkgang en suiwere Woordverkondiging so kardinaal belangrik is en moet bly... Satan word deur ware prediking, ware verkondiging van die Woord geblokkeer en gestuit, maar wee die dag as dit ook gaan ophou.

Ons moet ons nie laat meevoer en verwar nie, sulke tye wat daar baie antichriste is, die laaste ure wat bly aftik, is seker benewens God se Woord en ons belydenis wat ons moet vashou, baie belangrike kriteria aan die orde... o.a. wees wakker, wees nugter, wees steeds bly. Ja, waarom kan ons nou bly wees. Oor die feit dat al hierdie dinge in God se Woord staan en daar nie 'n ander manier is wat ons hieroor dit gehoor het nie. God sê dit vir ons. Hy regeer selfs oor dit wat vir ons die slegste gaan wees, die finale verskyning van die Antichris dan is God steeds God soos Hy dit op hierdie oomblikke vir ons is.

Die verwarring in kerk-wees, die misleidinge, die woelinge, was daar nog altyd. Die manier hoe met God se Woord verkeerd gewerk word, is niks nuut nie. Satan het al met sy metode van Skrifuitleg vir Eva bedrieg, wat hy net nooit mee ophou nie. Ons moet die wyse waarop antichriste net meer en meer word kan raaksien. en sal ons volgende keer ook die Antichris in 'n finale vorm moet probeer nader bring, want dit is ook nie te betwyfel wanneer die laaste stukke strooi op hierdie aarde gaan kom, dan is dit juis wanneer die rug van die kameel nou

Pretoria- 19 April 2015

sy laaste knak sal knak, waar dit gaan losbreek tot waar ons baie hoor maar die berekeninge nie kan maak nie.

AMEN